

12 Julie

Psalm 42 en 43

(Teks: 42:6,12; 43:5)

Bekommer reg

Hoe dikwels wonder ons nie oor ons geloof as ons bekommerd is nie! Glo ek waarlik soos 'n uitverkorene as ek bang is en twyfel aan die genade van God?

Mag ek as gelowige twyfel? Mag ek as gelowige bekommerd wees? Sal God my sonde van twyfel en bekommernis vergewe?

Ons lees in hierdie twee Psalms drie maal dat die Koragiete sê dat hulle twyfel en kerm. Wat in die Psalms opgeskryf is, is deur mense geskryf wat in 'n sekere lewensituasie geplaas is en God dan aanroep. Die Psalms is egter nie net mensewerk nie. Die Heilige Gees het die mens gelei om reg te reageer op sy lewensituasie.

Kom ons kyk in die lig hiervan na Psalm 42 en 43. Die Koragiete smag na God. Hulle verlang om by God te wees - soos elkeen van ons smag na God en sy genade.

Wat baie belangrik hier is, is dat God twyfel en kommer laat opteken in sy Woord. God weet dat ons soms twyfel en bekommerd is. Omdat daar geen aspek van ons menselewe is waarvoor God nie 'n antwoord het nie, het hy hierdie Psalms laat opteken as antwoord vir twyfel en kommer.

Vertrou op God! Hy is my helper en my God. Nie net vir die Koragiete nie, maar ook vir my, sondaar, wat worstel en bekommerd is. Hy ken my swakheid - en Hy gee die oplossing.

Om God te vertrou, beteken om jouself totaal en al oor te gee aan Hom. God sien my kommer en twyfel; Hy nooi my om Hom te vertrou.

Here, ek kan nie meer nie. Nou gee ek my kommer en twyfel aan U!

Sing Psalm 42:7

Ds. H.F. van Wyk (Primrose)